

Iets vooraf

In hierdie nommer van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* bring ons 'n groepie artikels oor die werk van T T Cloete byeen. Die doel daarmee is om die digter te eer noudat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns erelidmaatskap aan hom toegeken het. Die doel is ook om Cloete se 85ste verjaarsdag te vier deur weer 'n slag te besin oor sy digterskap en enigsins weer 'n bestekopname daarvan te maak. Dit is immers al 25 jaar gelede dat ons die huldigingsbundel *in teen die groot vergeet* (1984) saamgestel het en sedertdien het Cloete se digterskap veel verder en ryker ontplooi in ses magistrale nuwe bundels, van *Allotroop* (1985) tot by *Heilige nuuskierigheid* (2007).

Hierdie groep artikels sou dalk weer afgemaak kan word as bloot 'n soort hagiografie wat nie die kwessies van die vermeende chauvinisme en politieke konserwatisme van Cloete se oeuvre aan die orde stel nie. Dalk is hulle ook water op die meul van diegene wat 'n eenselwige religieuse tematiek in Cloete se werk wil sien. 'n Religieuse tematiek is daar by Cloete beslis, maar, soos hierdie artikels duidelik laat blyk, dan 'n tematiek wat allesbehalwe eenselwig en nog minder simplisties aan die orde gestel word – wat veel eerder 'n ryklik geskakeerde en komplekse verwondering laat blyk vir die God wat hom verberg.

Rensia Robinson verken juis dié “enigmatiese Goddelike Wese” in T T Cloete se oeuvre en toon aan dat vormgewing in die gedig terselfdertyd presisie en meerduidigheid veronderstel en dat Cloete hierdie gegewe uitbuit as 'n spel met verbeeldingryke kennis. Dit is 'n kennis wat, soos Robinson boeiend illustreer, daartoe lei dat geykte konseptualiserings van God gedekonstrueer en gegewens uit die religieus-Christelike kanon in 'n satiriese lig gestel word. Op 'n persoonlike vlak word onversoenbaarhede in die komplekse verhouding tussen die mens en 'n oënskynlik afsydige Maker op die spits gedryf in die uitbeelding van lyding en rampe en die vraag na die sin daarvan. Op 'n meer universele vlak word Godsbeelde uit verskillende tye en kontekste naas mekaar geplaas, terwyl evolusie en die “Big Bang”-teorie “op gelyke voet” ondermyn word.

Twee ander artikels plaas hierdie gegewens ook onder die soeklig – Cas Vos in sy bespreking van Psalm 23 as 'n voorbeeld van Cloete se omdigting van al die Psalms en Johann Lodewyk Marais in Cloete se verkenning van evolusieteorieë as 'n voorbeeld van die neerslag van natuurwetenskaplike temas in sy poësie. **Cas Vos** wys op die teologiese, musikologiese en poëtiese eise wat omdigting onderlê en bevind dat Cloete, omdat hy self 'n digter is, daarin slaag om van Psalm 23 “teologie in 'n lied” te maak; hy noem dit ook “'n teologie van vertrou”. Teenoor hierdie onmiskenbaar Christelike perspektief in sy poësie wys **Johann Lodewyk Marais** op Cloete se verkenning van die evolusieleer en die feit dat hy nie wegskram van 'n besinning oor die ontstaan as skepping of die ontwikkeling van lewe op aarde nie. Trouens, hy bevind dat Cloete se gedigte “vol verwondering [is] oor die kosmos en lewe op aarde” en dat hy dit dikwels “spelenderwys” verwoord. Daarteenoor verskaf **Hans Ester** se artikel oor die omgang met die dood in die hedendaagse kultuur 'n reliëf vir Cloete se deurlopende bemoeienis – eintlik sou 'n mens dit worsteling kon noem – met siekte, pyn en die dood in sy poësie.

Die laaste drie bydraes belig meer spesifiek fasette van T T Cloete se meesterskap as digter. Sowel Hans Ester, in sy openbarende bespreking van die “Droste-effek” en Hein Viljoen, in sy fassinerende natriek van kreolisering van die Simbolisme in Cloete se poësie, gee erkenning aan

die intellektuele in hierdie digter se poësie deur hom 'n *poeta doctus*, 'n geleerde digter wat streng eise aan sy lesers stel, te noem. Heilna du Plooy visualiseer Cloete se ontginning van ikonisiteit, as 'n onthullende aspek van so 'n veeleisende meesterskap. **Hans Ester** lig die leser in oor die herkoms van die Droste-effek, analiseer die gedig as 'n manier van sien en van besinning oor die digterskap en kom dan tot die gevolgtrekking dat "Poëzie bindt en vervalst deur de eindeloze diepte van het zichzelf herhalende object". **Hein Viljoen** bespreek Cloete se gebruik van die internasionale Simbolisme en toon aan hoe dié digter dit op drie maniere herskryf het "deur vermenging nuwe vorme te ontwikkel, deur die uitdrukkingskrag daarvan te verhoog en deur dit plaaslik en Suid-Afrikaans te maak maar dit terselfdertyd vir homself toe te eien en dit aan te pas binne sy eie poëtika". In aansluiting by sowel Cloete se tegniese-intellektuele meesterskap as sy komplekse en problematiserende bemoeienis met die Goddelike, bevind hy "dat Cloete die uitdrukkingskrag van die Simbolisme vergroot het deur dit te moderniseer, maar ook deur dit te deologiseer – dit wil sê deur dit in 'n instrument te omvorm vir die bestudering van Deus, God". **Heilna du Plooy** let veral op ikonisiteit as 'n aspek van Cloete se intellektuele meesterskap en bevind "dat die poësie van T T Cloete tegniese kompleks, vindingryk en boeiend is, maar ook dat hierdie digter in sy werk in gesprek tree met die kulturele en estetiese tradisies waarbinne hy lewe en werk". Soos Hans Ester die gedig getiteld "Droste-effek" vir die leser verhelder deur die visuele effek voor te stel en te verduidelik, visualiseer Heilna du Plooy die ontginning van ikonisiteit in Cloete se poësie aan die hand van sketse en ander effekte soos afbeeldings van foto's en skilderye. Ten slotte bring **Joan Hambidge** hulde aan die digter met twee karakteriserende gedigte, "Aankoms en vertrek" en "Dromende denke".

Oor T T Cloete en sy digterskap sou nog veel meer gesê kon word. Eintlik sou 'n mens sy magistrale digterskap moes verken in 'n boek in plaas van 'n klompie artikels en gedigte. Tog belig die bydraes wat hier ingesluit is, uiteenlopende en boeiende aspekte van die digter as mens en intellektueel en dien so as 'n huldiging-in-die-kleine van 'n kosbare digterskap.

Hein Viljoen & Ina Wolfaardt-Gräbe